

Gereformeerde Kerk Bellville – 31 Julie 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 50:1, 7 (p. 254) (Tweede melodie)

- 1 Die grote God, die HERE spreek! / Hy roep, Hy daag die aard', van waar die son in goudglans uit kom breek / tot waar hy sterwend neer sal vaar. Uit Sion, sonder voorbeeld skoon, / spreid God sy ligglans ver ten toon.
- 7 "Kom, offer Gode dank en prys! / Geloftes aan die HEER gedaan, betaal dit Hom met eerbewys! / En roep in tyd van nood My aan. Ek sal jou uithelp, sê die HEER; / en dankbaar-bly sal jy My eer."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:1, 2 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë. Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë. As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe. Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë; sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë. Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere! Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe; wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot. HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my! Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel; neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam. HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe, nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 146:1, 4 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof! 'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 4 Dis die HEER wat aarde en hemel, / die getuies van sy mag, met die see en wat daar wemel, / voortgebring het deur sy krag; wat, onwrikbaar in sy trou, / altyd sy beloftes hou.

Skriflesing: Daniël 2:1-30; Hebreërs 4:14-16

Kernverse: Daniël 2:28

Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. (Daniël 2:28 AFR53)

Tema: Ons het 'n God in die hemel!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, moeilikheid het die vermoë om op verskeie maniere op ons af te kom. Soms neem ons op die ingewing van die oomblik besluite sonder dat ons aan die gevolge daarvan dink. Dan veroorsaak ons oorhaastige besluite vir ons groot moeilikheid. Maar ons is nie altyd self die oorsaak van die moeilikheid waarin ons onself bevind nie.

Daar kom krisisse in mense se lewens waaraan hulle nie altyd 'n direkte aandeel aan het nie. Die een groot krisis wat die hele wêreld tans in die gesig staar is die ekonomiese nood. As gevolg van die ekonomiese insinking gebeur dit dat mense hulle werk verloor of selfs hulle huise kwyt is. Ons kan hier ook dink aan die moeilikheid wat 'n gesin kan tref wanneer 'n pa skielik en onverwags te sterwe kom. En hoeveel mense is daar nie wat groot somme aftreegeld belê het, die mense vertrou het wat die beleggings gedoen het, en op 'n dag moes hulle maar net hoor die geld is weg.

Die vraag is nou, wat doen 'n mens in sulke omstandighede? Natuurlik kan 'n mens al jou menslike vermoëns inspan om te oorleef. Dit is wat 'n mens tog van nature doen. Party mense sal egter eenkant gaan staan en sê: Laat nou maar gebeur wat moet gebeur; ek kan tog niks daaraan doen nie. Of, en dit is waarop die Here vanoggend ons aandag vestig, 'n mens kan gelowig betrokke wees en aktief meewerk om die probleem op te los.

Koning Nebukadnesar het 'n droom gehad wat hom so ontstel het dat hy nie kon slaap nie. Vandag sal ons maklik kan sê: 'n Droom – ag, wat is 'n droom tog? Vir ons beteken 'n droom eintlik niks nie. Met wat vir ons eintlik niks beteken nie, het die Here, die God van hemel en aarde, die eens magtigste koning op die aarde, sy paleis en sy hele koninkryk in beroering gebring. Nebukadnesar kon nie meer slaap nie, want hy kon die droom nie verstaan nie. Tog het hy geweet dat dié droom iets met hom en sy koninkryk te doen het.

Vir die heidene van destyds, net soos vir die heidene van vandag, is drome belangrik. Daarom het heidense regeerders ook mense in hulle diens gehad om drome uit te lê. Die Here het ook by geleentheid drome gebruik om sy wil aan heidense regeerders bekend te maak. Tog is dit interessant dat wanneer die Here met die heidense regeerders deur hulle drome spreek, hulle angsbevange raak, want hulle kan nie die drome verstaan nie.

Nebukadnesar wou die betekenis van die droom weet, daarom het hy die towenaars, die voorspellers, die goëlaars en die sterrekykers in sy diens laat roep om sy droom vir hom uit te lê. In Babilonië was hierdie manne die ouens wat bekwaam was vir dié soort werk. Hulle het dit nog altyd vir die konings van Babilonië gedoen. Nadat die koning vir hulle gesê het dat hy 'n droom gehad het wat hom vreeslik ontstel, was hulle gou om te vra: Vertel ons die droom, dan sal ons dit vir u uitleê.

Aangesien Nebukadnesar besef het dat hierdie droom van hom met hom en sy koninkryk te doen het, was hy baie agterdogtig. Hy het nou selfs die geleerdes in sy koninkryk nie meer vertrou nie. Voorheen sou hy maklik die droom aan hulle vertel het sodat hulle dit kon uitleê, maar hierdie keer het hy anders besluit. Die geleerdes moet die droom aan hom vertel en die uitleg daarvan ook gee. En om hulle aan te spoor maak hy 'n dreigement en 'n belofte. As hulle nie die droom en sy uitleg kan gee nie, sal hulle 'n verskriklike dood sterf. Hulle sal aan stukke gekap word en hulle huise sal puinhoop gemaak word. As hulle egter die droom én sy uitleg kan gee, sal hulle baie geskenke en groot eer van die koning ontvang.

Nóg hierdie dreigement, nóg hierdie belofte kon die geleerdes in Babilonië daartoe beweeg om die droom of die uitleg daarvan te gee. Selfs ons wat die afloop van hierdie geskiedenis ken, weet dat Nebukadnesar 'n onredelike eis aan sy geleerdes gestel het. Nog geen koning van Babilonië het ooit so iets van sy voorspellers en sterrekykers verwag nie. Maar Nebukadnesar se agterdog is so groot dat hy voet by stuk hou. Hulle moet die droom én sy uitleg gee, want hy vertrou nie een van hulle nie.

Op hierdie onverbiddelike houding van die koning reageer die geleerdes met een laaste uitroep:

Wat die koning vra, is te moeilik, daar is niemand wat die droom en sy uitleg vir die koning kan gee nie, behalwe die gode, en hulle woon nie onder die mense nie. (Daniël 2:11 AFR53)

Met hierdie uitroep van wanhoop bewys die geleerdes van Babilonië hulle onmag en bely hulle dat alleen die gode kan help, maar met die gode het hulle nie kontak nie.

Nebukadnesar se radeloosheid het hom tot raserny en woede gedryf. Sy krisis word nou elke koninklike raadgewer in Babilonië se krisis. Arjok kry opdrag om 'n bloedbad te maak van al die koninklike raadgewers. Ook Daniël en sy vriende is gesoek om doodgemaak te word.

Broers, susters en kinders, hierdie optrede van Nebukadnesar is tipies van mense wat onversadigbaar honger is na mag. Sy eie gevoel van onveiligheid dryf hom om al meer sekuriteitsmaatreëls te tref. Maar hoe meer hy het en hoe hoër hy klim in mag, hoe onveiliger voel hy, want hy weet dat sy val al hoe verskrikliker word. Dit is natuurlik 'n verwoestende kringloop. Desperaat en angstig is so 'n mens op soek na net nog meer sekuriteit, en die uiteinde van so 'n kringloop is 'n diktator. 'n Diktator, soos wat ons in ons eie wêreld sien, vang die onredelikste dinge aan. Hy vertrou niemand nie. Oor elkeen is hy agterdogtig, daarom word sy maatreëls net al strenger en meer onredelik.

Dit sal nou vir ons maklik wees om instemmend die kop te knik en te sê dat ons so iemand ken. Hier in ons buurland in die noorde is so iemand. Dit is egter nie net op politieke gebied waar ons sulke diktators kry nie. Die eienskappe van diktators kom tragies genoeg ook in huisgesinne voor. Miskien is daar iemand in jou huisgesin of iemand in 'n ander huisgesin van wie jy weet wat eienskappe van 'n diktator vertoon. Die een uitstaande eienskap van alle diktators is daardie gevoel van onveiligheid en onsekerheid. So 'n gevoel van onsekerheid dryf mense tot drank, tot vernietigende inhaligheid, tot 'n oordrewe gejaag na plesier, tot onredelike woede-uitbarstings of tot vreemde en onheilspellende gedrag teenoor hulle gesinslede en vriende.

Geliefdes, ons almal het maar ons eie koninkrykies. Ons almal weet egter dat daar 'n tyd sal kom dat ons koninkrykies sal moet plek maak vir die koninkryk van God. Van nature wil ons almal self ons eie sake reël en bestuur, in plaas daarvan dat die Gees van Christus ons lewe reël en bestuur ooreenkomstig God se koninkryk. Die moeilikheid is dat ook mense rondom ons dit moet ontgeld omdat ons ons eie koninkrykies wil handhaaf ten koste van God se koninkryk. En dit is hierdie handhawing van ons eie koninkrykies wat maak dat party mense soos diktators word. Mense wat ly onder diktatoragtige optrede het nie altyd 'n aandeel aan hulle moeilikheid nie. Hulle kry swaar omdat die een wat sy koninkryk ten alle koste wil handhaaf in homself onseker en onveilig voel. Wat maak jy nou?

Jy kan al jou menslike vermoëns inspan om te oorleef of om te ontsnap aan die ander een se onredelike eise. Óf jy kan besluit om op 'n hopie te gaan sit en maar te aanvaar wat met

jou gebeur, want dit lyk of jy tog niks aan die omstandighede kan verander nie, óf jy kan maak soos wat die Heilige Gees ons vanoggend leer.

Daniël en sy vriende het weens die krisis in die koning se lewe en die krisis in die paleis ook in die moeilikheid gekom. Dit is moeilikheid waarvan hulle niks eers geweet het nie, want Daniël het versigtig by Arjok gaan navraag doen oor hoekom die koning se bevel so genadeloos is. Nadat hy verneem dat dit oor 'n droom gaan wat die koning hewig ontstel het, is Daniël na die koning toe om uitstel te vra sodat hulle die uitleg aan die koning kan gee.

Broers, susters en kinders, Daniël het geweet dat hy en sy vriende nie regtig oor die vermoë beskik het om uit hulleself iets te doen om die bedreiging vry te spring wat hulle nou in die gesig staar nie. Baklei of ontsnap kan hulle nie, want hulle is vier Joodse gevangenes van koning Nebukadnesar. Om maar net eenkant in die hoek te sit en te sê: Ons kan tog niks hieraan doen nie, gaan ook nie iets aan die omstandighede verander nie. Inteendeel, dit sal net erger word – koning Nebukadnesar sal nie een raadgewer meer oor hê nie en dan is die hele koninkryk aan sy onredelikheid uitgelewer.

Daniël het egter besef dat hy onvermydelik betrokke is in hierdie tragiese omstandighede. Nou moet daar opgetree word, nie net ter wille van sy eie lewe nie, maar ook ter wille van al hierdie sogenaamde geleerdes van Babilonië se lewens en ter wille van die koning en sy hele koninkryk. Daniël het immers nog die Here se woorde deur Jeremia onthou. Die belange van Babilonië is ook Daniël en sy volk se belange, daarom moet hulle tot die Here bid vir hierdie koninkryk van Nebukadnesar (Jer 29:7).

Diep onder die indruk dat die Here – die God in die hemel – nie net met Daniël en sy vriende nie, maar ook met Nebukadnesar en sy hele koninkryk besig is, het Daniël geweet dat hy nou beslissend moet optree. Met nugtere onderskeiding moet hy te werk gaan terwyl ander hopeloos verlam is en glad nie oor die vermoë beskik om 'n oplossing te kry nie. En as Daniël sy verantwoordelikheid in diens van die Here opneem, beleef hy dat die Here aan hom die wysheid en krag gee om beheersd op te tree in hierdie situasie.

Natuurlik het Daniël nie met oppervlakkige selfvertroue by Nebukadnesar ingestap en met groot bravade gesê dat hy die uitleg het nie. Nee, Daniël was maar versigtig, selfs bang, want sy eie lewe en dié van sy vriende was nou in die weegskaal. Nog erger, die koning het klaar besluit dat hulle saam met al die raadgewers doodgemaak moet word. Gedryf deur sy geloof in die Here, die God in die hemel, is Daniël nou 'n getuie van die almag van die Here. Waar die geleerdes van Babilonië geen kontak met die gode het nie, is Daniël deur die werking van die Heilige Gees deur middel van sy geloof in verbinding met die lewende God. Daarom voel hy hom verplig om nou – nie net ter wille van die volk van die Here nie, maar ook ter wille van die heidense koninkryk van Babilonië – op te tree. Die God van Israel is immers ook besorg oor die heidense koning Nebukadnesar en besorg oor die uiteindelik bestemming van die mense in Nebukadnesar se koninkryk.

Broers, susters en kinders, wat Daniël destyds gedoen het, het Jesus Christus by uitnemendheid kom doen. Daniël het in daardie omstandighede nie self die uitweg gesien nie. Hy was eintlik swak en het niks geweet nie. Maar hy het met vertroue in die Here opgetree. Alhoewel hy swak was en niks geweet het nie, was hy sterk en het hy alles geweet, want Hy het die God in die hemel geken en vertrou. Op die bestemde tyd het God aan hom die wysheid gegee om ter wille van Nebukadnesar en al die ander mense 'n oplossing te kry.

Jesus Christus het in groot benoudheid gekom oor die sonde van die mensdom waaraan Hy werklik geen aandeel het nie. Ter wille van die wêreld wat sy Vader liefhet, het Jesus betrokke geraak in die nood en ellende van die mensdom. Uitsluitlik ter wille van die eer van sy Vader en ter wille van die ewige bestemming van mense het Jesus Homself in die plek van mense gestel om ons uit ons benoudheid te red. Tot ons seën en vrede het Christus ons straf gedra sodat ons nou aan Hom en aan sy Vader vir ewig eer en lof kan toebring.

Geliefde broer, suster en kind, is jou lewe tans in 'n noute waaraan jy geen aandeel het nie? Word jou lewe benoud gemaak deur iemand in jou huis, by jou werk of in jou skool wat soos 'n diktator sy onsekerheid probeer oorwin met allerhande onredelike en verregaande eise? Jy hoef nie jou eie menslike vermoëns in te span om jouself teenoor die omstandighede of persoon te handhaaf nie. Jy hoef ook nie in die hoek te gaan sit om maar te aanvaar wat met jou gebeur omdat jy oënskynlik niks daaraan kan doen nie.

Jesus Christus het jou verlos en Hy het sy Gees aan jou gegee. Deur die geloof wat die Gees in jou hart werk is jy ook in verbinding met die lewende God, ons God in die hemel. In daardie benoude omstandighede wil die Here juis vir jou gebruik om getuie te wees van sy almag. Daarom kan jy aanhoudend en met alle erns jou nood by die Here bekla en Hom smeek om wysheid en krag. Ja, al weet jy nie nou wat die oplossing is nie, ons het 'n God in die hemel en Hy ken elke oplossing. En die Here tot wie ons roep, staan nie onbetrokke en afsydig teenoor ons nood nie. Hy het medelye met ons, en deur sy volmaakte lewe het Hy vir ons die weg gebaan na die genadetroon van God.

Kom ons neem die verantwoordelikheid op ons om getuies van die almag van die lewende God te wees. Hy het ons geseën met 'n lewende verhouding met Hom sodat ons tot seën kan wees vir almal rondom ons, ook vir daardie mens of mense wat diktatoragtig die lewe vir ons benoud maak. God is steeds besorg oor die wêreld en die mense daarin.

Amen!

Slotgebed

Psalm 75:1, 2, 4 (p. 377)

- 1 U alleen, U loof ons bly – / ja, ons jubel tot u eer!
Want u Naam is, troue HEER, / vir u volk tot troos naby.
Daarom roem ons in ons land / al die wonders van u hand.
- 2 Al vertoef Ek, spreek die HEER; / al gaan jare langsaam om –
Eind'lik sal my regsdag kom, / en dan daal my oordeel neer.
Wat ook wankel – deur my hand / bly die aarde in vaste stand.
- 4 Die verlossing, roem en eer / kom nie uit woestyne ver,
nie uit oos of weste her; / want die Regter is die HEER.
Hy sit bo die hemelboog – / Hy verneder en verhoog.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 18-6:1, 2, 5

- 1 Ek sien 'n nuwe hemel kom, / 'n aarde nuut en vry.
Die see en al wat skei, verdwyn. / God self kom by ons bly.
- 2 Die nuwe stad, Jerusalem, / daal uit die hemel neer;
Skoon soos 'n bruid in heerlijkheid – / geliefde van die Heer.
- 5 Oorwinnaars sal ons alles erf / en drink uit die fontein
van lewenswater, heerlik rein. / En God sal oor ons skyn.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
31 Julie 2016